blomme in gestaan het. Misskien het meneer Brits daarom die fontein Bloemfontein genoem.

"En dit mag ook wees, dat die naam uit die ou Kolonie afkomstig is, want daar is ook in verskillende distrikte plekke, wat die naam Bloemfontein dra."

Oom Willem. "Nou dit mag wees, die mense, wat dit geweet het, is almaal dood. Maar ek hou dit daar voor, dat die dorp sij naam van die fontein gekrij het."

## LES 21.

## WAT OOM WILLEM VERTEL.

Toe ek nog 'n seun gewees het,
Het ons baie rondgetrek.
Orals gaan ons, om mooi weiveld
Vir die beeste te ontdek.

In spelonke van die koppies
Woon toe Boesmans, klein maar wreed,
Wat op klippe diere teken.
Hoe, dit het ons nooit geweet.

Soms sit hulle agter klippe,
Hulle kop met gras bedek.
En dan skiet hul onse beeste,
Wat te dig langs hulle trek.

So het hulle met hul gifpijl
Baie beestė doodgeskiet,
En partijkeer selfs ook Boere.
Met hul mooi praat, was verniet.

Dikwels het ons dan met hulle
In die berge gebaklei.
Ons gewapen met ou Sannas
En die kruithoorn aan ons sij.

Een keer kom ons in die more,
Voor die son die berg beskijn,
Op die plek waar twintig Boesmans
Met ons perde het verdwijn.

Blaf-blaf roep die boesmanshonde
Hulle base uit die plek,
Waar hul met hul heel famielie
Vir die nag had ingetrek.

Daar skiet hulle met die pijle,
Net soos hulle ons gewaar,
Maar die koeëls van ou Sanna
Jaag die skepsels uit mekaar.

Pijle gons en raak ons jaste;
Vlie soos hael deur die lug,
Maar die end was van die storie:
Skelme Boesmans moes maar vlug.

Onse perde staan geknelter
In die klowe van die kop.
Sjieps, snij ons die rieme stukkend,
En rij huistoe op galop.

Maar twee van die perdediewe,
Sonder kis en sonder graf,
Blij daar lê as stil getuie,
Dat die Boere skelms straf.

## LES 22.

## DIE PRESENTE.

DIE volgende dag gaan Annie en Jaap naar die winkel om presente te gaan koop vir Pa en Ma. Tante het gesê, hulle moet dit self gaan doen, maar Gert sal hulle die winkel gaan wijs. So staan hulle dan nou in 'n groot winkel, waar hulle baie kan koop. Maar hulle weet nie goed, wat hulle moet koop nie. Alles te same het hulle 6*s*. 9½*d*. en daar moet hulle twee presentjies mee koop.

"Wel," vra die juffrouw van die winkel, "wat kan ek vir julle doen, mij kinders?"

ANNIE. "Ons wil 'n presentjie hê vir Pa en Ma. Maar ons weet nie reg wat nie."

JUFFROUW. "Kom kijk dan maar 'n bietjie. Hier is baie. Hier is messe, skêre, slippers,

skilderije, muurtekse, tafeltjies, stoeltjies, en nog baie meer."

JAAP. "Ons het nie soveel geld, om dit alles te koop nie. Ons het maar net ses shillings, vier skelling en 'n stuiwer."

JUFFROUW. "O, ek sien. Nou ja, dan sal ons maar iets soek, wat 'n bietjie goedkoper is. Kijk hier! Daar is 'n portretlijsie, dit kos maar 3*s*. Koppies en pierinkies met 'n gesig van Bloemfontein kan julle krij vir 2*s*. 6*d*."

ANNIE. "Alle wereld! dis mooi! Ons moet dit neem! Dis tog te pragtig. Kijk, dis wat ons self gesien het. Ja, juffrouw, asseblief, dit wil ons graag wil hê vir Ma!"

JAAP. "Maar wat moet ons nou vir Pa koop?"

ANNIE. "Nee, ek weet nie! Ons sal maar vir die Juffrouw gaan vra. Juffrouw, wat moet ons nou vir Pa koop?"

JUFFROUW. "Laat ons dink! Kom gaan saam! Hier het ons tabaksakke. Is hulle nie mooi nie? Daardie een kos 5*s*. O, hede, maar dis mos te duur nè? Nou ja, maar dis ook 'n mooi een en hij kos maar 3*s*. Pijpe het ek ook, kijk maar!"


JAAP. "Nee, mij Pa het baie pijpe. Ons wil geen pijp hê nie!"

JUFFROUW. "Nou goed, dan is hier knipmesse en vulpenne! Hulle is maklik."

JAAP. " Wat is vulpenne ? "

JUFFROUW. " Wel, so 'n pen hoef jij nie elke keer in die inkpot te steek nie. Hij moet maar net een keer volgemaak word met ink, en dan kan jij vir 'n heel week daarmee skrijwe."

JAAP. " Ai, dis mooi ! Hoeveel kos so 'n vulpen ? "



JUFFROUW. " Ja, ek is jammer. Die goedkoopste kos 10*s*."

JAAP. " Soveel het ons nie. Hoor, dis nou jammer. Ek wens, ons het 10*s*. om vir Pa so 'n vulpen te koop."

JUFFROUW. " Dink dan daaraan, as julle weer iets vir julle Pa wil koop.

" Hier het ek 'n inkpot, wat baie sterk is, en

wat nie kan mors, as hij val nie! Hij kos maar 2*s*. Ek dink, dit kan julle gerus koop."

Annie. "Maar hoe kan hij dan nie mors nie?"

Juffrouw. "Kom hierso, dan sal ek julle dit laat sien. Hier is die ink, nou keer ek hom om, en tog mors hij nie."

Jaap. "Ja, dis goed. Ons moet hom maar koop!"

'n Rukkie later stap hulle uit die winkel uit: Jaap met die present van sij Pa onder sij arm, en Annie met die koppie en pierinkie vir haar Ma.

## LES 23.


## KRISMIS.

Eindelik het Krismis aangebreek. Vroeg in die more is almaal op, om te sien, of hulle ook iets gekrij het. En ja, daar lê vir ieder iets op die stoele. Jaap vind 'n pakkie, wat hij gouw-gouw losmaak. Die touwtjie kan hij nie dadelik loskrij nie, daarom ruk hij dit maar af. Hij kan nie nog vir 'n mes wag nie. En wat sit daar nou in? Alle wereld, die Jaap spring somaar op van blijdskap.

Dis juis, wat hij gehoop het om te krij, 'n Verfdoos! Nou kan hij alles skilder, wat hij

sien. Jong, maar daar sal hij ure lank mee speel na skool.

JAAP. " Annie kom kijk, wat ek gekrij het ! 'n Verfdoos ! Nou gaan ek die hele huis skilder, as ek bij die huis kom. En Ma haar blompotte kan ek nou ook mooi maak ! "



ANNIE. " Maar dis mos nie daarvoor bedoel nie ! Dis net om prente te kleur, jong ! "

Maar Jaap is doof, hij is te blij, en is al besig, om 'n bietjie water te gaan haal, om te probeer, of hij waarlik met hulle kan skilder. En terwijl Annie nog besig is met haar present, en Gert en Martha gesels oor wat hulle gekrij het, steur Jaap hom nergens aan nie en skilder net. Dis osse en wa, wat hij skilder, dis springbokke en wildebeeste, ganse met lang nekke, en jakhalse. Hij skilder die hele papier vol.

Annie is in die tussentijd besig om haar mooi pop, wat sij gekrij het te bekijk en aan te trek, want daar was ook kleertjies bij gewees.

Gert het 'n voetbal gekrij en hij kan nie help om dit tog 'n keertjie te skop om te sien, of dit goed is nie. Heel saggies skop hij, maar tog gaan die bal in die lug in en toe dit neerkom, doems, daar val dit bo op die kop van Jaap; toe wip dit weer op in die lug en kom nou vir die tweede keer juis neer op die skildergoed van Jaap. Al die kleure val deurmekaar, die doos lê op die grond. Jaap spring op en sê vir Gert: "Dis jij," en hij huil van kwaaigheid.

Gert skrik self vir wat hij gedoen het. Hij troos Jaap en sê, dat hij hom weer sal help en gouw-gouw is hulle hard besig. Gelukkig het niks gebreek nie en is die prente van Jaap ook nie beskadig nie. 'n Oomblikkie later is alles weer agtermekaar. Maar Gert het die skopperij in die kamer maar verder laat blij en nou sien Jaap ook, dat daar nog 'n present vir hom is.

Toe hij dit oop maak, is hij weer baie blij, want dis juis, wat hij op die skool sal kan gebruik. 'n Splinternuwe boeksak lê daar voor hom. Tog is hij nou nie so blij nie as die eerste keer nie. Want jij kan 'n boeksak wel gebruik, en jij kan sonder hom nie goed klaar

kom nie, maar jij kan tog nie eintlik daarmee speel nie.

Nou roep tante die kinders om in die eetkamer te kom, en 'n oomblikkie later sit almaal rondom die tafel.

## LES 24.

## DIE GODSDIENS.

Oom kijk eers almaal aan en sê dan:

"Kijk, kinders, dis baje lekker om presente te krij en ons is saam met julle blij. Maar tog



moet julle goed verstaan, dis nie om die presente, wat ons hierdie dag vier nie. Ek sal julle nou

vertel, waarom ons Krismis vier, en hoekom ons dan ook blij mag wees.

"Hierdie dag is die geboortedag van ons Here Jesus. Hij het tot ons gekom, om ons te red van die sonde. Om ons gelukkig te maak, nie maar vir 'n oomblikkie of enkele jare nie, maar vir altijd, ook na ons dood.

"Ons wil nou sien, wat ons Bijbel daarvan sê, en dan sal ons daar nog verder oor praat." Oom slaan die mooi groot Bijbel oop en lees.

*Lukas II.*

8. *Daar was herder sin die selfde landstreek en hulle was in die veld en hulle het die nagwag gehou oor die trop skape.*

9. *En kijk, 'n engel van die Here staan bij hulle en die heerlikheid van die Here is rondom hulle en hulle is baie bevrees.*

10. *En die engel sê vir hulle : " Moenie bang wees nie ! Want kijk, ek verkondig julle grote blijdskap wat vir al die volke sal wees :*

11. *Namentlik, dat vandag gebore is die Saligmaker, dit is Kristus, die Here, in die stad van Dawid.*

12. *En dit sal die teken wees vir julle : Julle sal die Kindjie vind in doeke gedraai en Hij sal in die krip lê."*

" Kijk nou, kinders," sê Oom, " dis 'n dag van groot blijdskap vir ons ook. Want dis 'n bewijs van die liefde van God ook vir ons, dat Hij Sij Seun gestuur het om ons te red van die sonde.

" Net so as julle aan die presente wat julle nou gekrij het, kan sien, dat ons baie van julle hou en dat ook die ouers van Annie en Jaap van julle hou, want partij van die presente het van hulle gekom, net so is dit met die Here. Hij hou soveel van ons en van julle, dat Hij Sij Seun gestuur het, om te wijs, hoe groot Sij liefde vir ons is.

" En ook dit: Julle weet baie goed, dat julle partijkeer ondeund gewees het. En dat julle daarom eintlik nie verdien het, dat julle sulke mooi presente sou krij nie. So is dit ook teenoor die Here: Hij weet, dat julle, en ook die groot mense, maar partijkeer nie aan Hom dink nie. Dat julle nie altijd gehoorsaam is aan wat Hij julle in Sij Woord leer nie. Dink maar daaraan, dat daar staan; 'Eer julle Vader en julle Moeder!' Dit beteken, dat julle altijd gehoorsaam moet wees vir hulle. Dit sê die Here self, en dit doen julle nie altijd nie. Dis 'n bewijs, dat julle ongehoorsaam is aan wat Hij vir julle sê.

" Hij sê ook: Julle mag nie leuens vertel

nie! Tog weet ek, dat julle nie altijd die waarheid spreek nie. Dis al weer 'n bewijs, dat julle nie doen, wat die Here sê nie. En tog het die Here julle lief, en Hij het al die mense so lief gehad, dat Hij, al weet Hij, dat hulle dit nie verdien nie, tog Sij Seun gestuur het, om die evangelie te verkondig. Ons moet daar nou aan dink, en begrijp, dat as Hij nie gekom het nie, sou ons vir altijd gestraf gewees het. Dis die groot liefde, waar die Here ons mee liefgehad het. Julle moet daarom nie enkel aan die presente dink nie. Julle moet ook verstaan, waarom ons op Krismis blij mag wees en bo alles, waarom ons so dankbaar moet wees."

Na Oom klaar gepraat het, sing almaal die versie: Gesang 112, vers 1.

Daarna gaan almaal naar die kerk, om te luister naar die preek.

## LES 25.

## HUISTOE.

Twee dae na Krismis het die tijd aangebreek vir Jaap en Annie om huis toe te gaan. Weer kom die motorkar voor die deur, weer klim hulle op en rij stasie toe. Maar nou is hulle alleen. Pa het geskrijwe, dat hulle nou maar

alleen moet reis, want dis nou nie moeilik nie, en hij sal hulle op die stasie ontmoet. Altemit sal Ma ook daar wees.

Dit was 'n hartelike afskeid, wat hulle van Oom en Tante en ook van Martha geneem het. Hulle dank Oom en Tante vir al die plesier, wat hulle gehad het. Van Gert neem hulle geen afskeid nie. Hij sal met hulle saam gaan. In Bloemfontein het hij hulle alles gewijs en was hij altijd die knapste. Op Kwaggafontein sal dit nou net andersom wees. Gert het in die stad groot geword en weet maar min van die boerderij. Nou sal hulle kijk, of hulle op die plaas hom ook kan fop, soos hij dit in die strate van Bloemfontein gedaan het. "Ja, jong," het Jaap al 'n keer vir hom gesê, "nou moet jij oppas. Nou sal ek jou gaan fop." En Gert het maar gelag, maar het dit nie wil glo nie.

Omdat Gert bij hulle is, voel Tante ook maar gerus, want Gert het al meer in die trein gereis.

Partijkeer moet jij net Engels praat met die kondukteurs en dis nie moeilik vir Gert nie, maar vir Annie en Jaap wel. Eindelik is alles in die kompartement gepak, nog 'n keer het hulle Oom en Tante bedank, en daar gaan die fluit van die vuurwa vir die laaste keer. Met 'n

lang sug net of die trein te swaar is vir hom, begin die ijsterperd te trek. Maar gouw-gouw gaan dit al vinniger en dit duur net maar enkele minute en hulle is uit die stasie uit.

Nou sien hulle die koppie alweer voor hulle. Teen die kant sien hulle ook die verskriklike groot wit perd van klippertjies, wat die soldate vroeër gemaak het en dan verder af lê die wije veld weer voor hulle.

Nou gaan die tong van Jaap eers los. Nou dink en praat hij weer van die plaas. Hij is amper seker, sê hij, dat Ma bij die stasie sal wees. Hij is tog te blij, dat hij weer huis toe kan gaan. En nou vertel hij Gert van sij hoenders, van sij lammertjies. Ook het hij twee kalwertjies, wat sijne is. Gert moet ook sij kleiosse en wa sien. Hij het alles goed gebêre, toe hulle weggegaan het, Ja, Gert sal verwonder wees oor alles wat hij hom sal wijs. En Gert lag en luister met albei sij ore, want hij is tog te nuwsgierig, hoe dit op die plaas sal wees.

## LES 26.

## DIE SNAAKSE LUGSKIP.

Jaap het van ongeduld maar min naar die veld gekijk. Die trein gaan vir hom ook nooit

gouw genoeg nie. As dit moontlik was, sou hij wou hê, dat die trein moes vlie en meteens dink hij weer aan die lugskip, waar meester Annie mee geterg het en hij sê: "Annie, ek wens, die trein was 'n lugskip. Jong, dan sou ons gouw-gouw gaan! Een, twee, drie sou ons op Kwaggafontein wees. Annie, verbeel jou! Ons rij deur die lug. Sjoerrr . . . gaan dit bo die huis. Die lugskip maak 'n vreeslike geraas. Pa en Ma skrik daarvoor en kom uit die huis uit. Hulle kijk boontoe en sien ons met sakdoeke waai en hoor roep: 'Dag Pa, dag Ma! Ons kom terug van Bloemfontein!' Annie, hoe sou dit lijk? Ek hoor Ma al roep: 'Kinders, wees tog versigtig!' En dan glij die skip saggies naar onder toe en vlak voor die voordeur hou hij stil. Ons klim af en sê ewe bedaard: 'Middag Pa! middag Ma! Hoe gaan



dit nog met Pa en Ma ? Ja, ons het maar met die lugskip gekom. Almaal reis nou teenswoordig met die lugskip. Nou het ons ook so hiernatoe gekom.' En dan, wip spring die trein met die ander reisigers weer op en rij hulle weer verder oor die spruite en koppies."

ANNIE. "En sê nou, die ding val ? Dan is ons almaal dood. Nee ek sal nie met 'n lugskip gaan nie ! "

JAAP. "Nou ja, jij is ook altijd so bangerig. Meisiekinders is ook altijd bang, nê Gert ? Maar ons is nie. Sou jij met 'n lugskip gaan Gert ? Of is jij net so bang as Annie ? "

GERT. "Nou die trein veilig op spore loop, nou kan jij maklik praat. Het jij al 'n lugskip gesien opgaan ? "

JAAP. "Nee, en jij ook nie ! "

GERT. "Ek het ! Verlede jaar was daar een in Bloemfontein. O, maar hij het pragtig oor die stad geswewe ! Alle wereld, ons staan en kijk nog, en toe kom hij alweer terug en net reelreg pijl hij op ons af. Nee kijk, toe laat spat ons almaal. Al die mense hardloop uitmekaar uit. En net toe hij bij die grond kom, swewe hij weer ewe mooi skuins in die lug in."

JAAP. "Hoeveel mense was daar in ? "

GERT. "Net een. Maar ek sê vir jou, as jij dit eenmaal gesien het, dan wens jij nie